SINODENUUS: Vloede in KZN

Na gesprekke met kollegas in Kwa-Zulu Natal stuur Nioma Venter die volgende terugvoer. "Ons is moeg," sê ds. Nola Malan van die NG Gemeente Durban-Oos. "Bid asseblief vir ons. Die skade van die huidige vloede gaan mense in hierdie omgewing nog lank verontrief." Nola beskou haarself as een van die gelukkiges. Haar woonplek is veilig, maar sy het, net soos diegene rondom haar, die afgelope tien dae geen water gehad nie. Water wat te koop is, is vinniger van die rakke af as wat dit beskikbaar raak. Elektrisiteit kom en gaan ook maar. Dele van KZN het nog skaars herstel van die skade wat daar einde 2021 deur onrus en plundering veroorsaak is. Voeg hierby die huidige krisis en 'n mens kan verstaan as Nola sê dat afgesien van die materiële verlies, die gemeenskap getraumatiseer is. Dit is ondenkbaar watter skade deur water aangerig kan word.

HELDERBERG UITREIK: Help só in KZN

Helderberg Uitreik bied graag 'n geleentheid om betrokke te raak by die rampverligting in Kwazulu Natal. Alle bydraes word oorbetaal na die NG Kerk Sinode in KZN se rampverligtingsinisiatief.

Donasies wat in **Helderberg Uitreik** se rekening inbetaal word, kwalifiseer vir Art 18A sertifikate. Stuur asb bewys van betaling asook naam en adres na louise@nghelder.co.za vir jou Art 18A kwitansie.

Bankbesonderhede:
Helderberg Uitreik,
ABSA, Takkode 632005
Rekeningnommer 9114 483 080
Verwysing: Ramp KZN

HELDERBERG UITREIK: VENSEL DAGSORGSENTRUM

Geleentheid vir betrokkenheid by voorskoolse kinders:

As jy 'n passie het vir die ontwikkeling en versorging van jong kinders, sal ons baie graag van jou wil hoor. Die projekspan benodig hulp by die Vensel Dagsorgsentrum in LWANDLE. Dit bied wonderlike geleenthede om 'n verskil te maak.
Kontak asb vir Roelof Louw by 082 467 4328 / roelof.louw@gmail.com

HELDERBERG UITREIK: Helderberg Ontwikkelingsentrum

Helderberg Ontwikkelingsentrum beplan om die week van **6 – 10 Junie 2022** 'n halfdag, "***Huisbestuur vir Bejaardes"-werkswinkel*** aan te bied in **PATMOS**. Dit is onder andere gerig op HOS studente wat die Huisbestuur kursus suksesvol voltooi het, maar ook op huishulpe wat werk in huishoudings waar bejaardes woon. Dit is nie 'n versorgingskursus nie en is spesifiek gerig op huishulpe wat huisskoonmaakwerk doen in omgewings waar bejaardes woon. Dié kursus is daarop gemik om vir hulle addisionele kennis te bied om hul dienste optimaal te kan lewer, met 'n sensitiwiteit vir bejaardes se unieke omstandighede en behoeftes. **Koste: R750/persoon** ***Navrae: Inge by 021 852 5720***

Kategese

- **Junior kategese (voorskool tot graad 6) tydens die erediens in die kerksaal.**
- **Senior kategese na die erediens in die onderskeie lokale in die kerksaal.**

Junior kategese: 8 Mei: Strek- & asemhalingsoefeninge

Asemhaal en **bid** is baie dieselfde. **Asemhaal** is deel van ons onwillikeurige spierstelsel. Niemand hoef jou te herhinner om asem te haal nie, jy doen dit outomaties. Dit hou jou aan die lewe. 1 Tessalonisense 5:17 sê: "**Bid gedurig**". Dit klink soos asemhaal. Iets wat jy gereeld moet doen. Gebed hou jou geestelik aan die lewe.

Jeremia 33:3 help ons om gebed te verstaan: "***Roep My aan, Ek sal jou antwoord*** *en jou vertel van die groot en onverstaanbare dinge waarvan jy nie weet nie*" Ons hardloop ons lewe vir die Here. Hy is ons afrigter. Kom ons luister na Sy stem, gedurig, elke dag deur self met Hom te praat deur gebed en Hy sal ons wys houeom vandag, onwillikeurig vir Hom te lewe.

PROGRAM: KATEGESE vir JUNIOR FASE (Voorskool tot graad 6)

Datum	Aanbieding	Aanbieder
08 Mei	Strek- en asemhalingsoefeninge	Hennie
15 Mei	Asem in, asem uit!	Suzelle
22 Mei	Hou jou voete fiks	Merizle
29 Mei	Pinkster	Aanbieders
05 Jun	Pinkster	Aanbieders
12 Jun	Pinkster	Aanbieders
24 Jul	**Gesinsdiens**: Amazing Race	Werner